Cobalt Oplossings
Vir Besigheids Eienaars

Sanlam

DIE VERANDERING VAN WERKSURE

Vraag: Mag 'n werkgewer die ooreengekome werksure van sy/haar werknemers vermeerder of verminder?

Antwoord: Ooreengekome werksure mag slegs deur middel van 'n ooreenkoms tussen die partye vermeerder of verminder word.

Kort verduideliking: 'n Werkgewer mag nie ooreengekome diensvoorwaardes eensydig verander nie. Die vermeerdering of vermindering van die totale ooreengekome aantal ure wat 'n werknemer moet werk, is 'n verandering van die diensvoorwaardes en moet onderhandel en ooreengekom word. 'n Voorbeeld ter illustrasie: Jy het 'n werknemer en julle het ooreengekom dat hy/sy slegs halfdag (bv. 4 uur) vir vier dae per week hoef te werk. Jy kan nie later daarop aandring dat hy/sy 'n volle 45 uur per week vir dieselfde vergoeding werk, slegs omdat wetgewing 45 gewone werksure per week toelaat nie. Jy sal die verandering met hom/haar moet onderhandel. Tydens sodanige onderhandelinge, sal die werknemer se beskikbaarheid, verhoging in salaris, ens. bespreek moet word. Dit sal egter 'n ander saak wees indien die diensooreenkoms voorsiening maak vir die eensydige verandering van die werksure deur die werkgewer.

Die feit dat die partye moet ooreenkom om diensvoorwaardes te verander, beteken nie dat 'n werkgewer se hande afgekap is as werknemers weier om tot 'n verandering toe te stem. Waar dit operasioneel geregverdig is (bv. te min werk), kan die werkgewer 'n proses van inkorting volg indien werknemers weier om tot 'n vermindering in hul werksure toe te stem. Daar is ook Bedingingsraadooreenkomste wat in bepaalde omstandighede daarvoor voorsiening maak dat, onderhewig aan voorgeskrewe prosedures, van werknemers vereis kan word om verkorte ure te werk.

Die verandering van sekere werkspraktyke (eerder as diensvoorwaardes) soos begintye en wanneer maaltydpouses toegelaat sal word, is 'n ander saak – dit mag ná redelike oorlegpleging verander word. Dit hoef nie ooreengekom te word nie.

Artikel geskryf deur Jan Truter van www.labourwise.co.za